Boer moeiteloos met 'n Boran

Die Boran se gehardheid maak dit 'n ekonomiese ras om mee te boer. Die ras het 'n lae onderhoudsbehoefte, dit bied goeie weerstand teen siektes en die koeie het goeie moedereienskappe.

BO: Mnr. Francois Smit boer by Derby in Noordwes met Borane. Die feit dat hulle sulke mooi beeste is, is vir hom 'n "absolute bonus" omdat die beeste ook besonder gehard is.

REGS: Mnr. Francois Smit en sy vrou, René, met hul vier kinders. Van links is, agter: Luné, René, Francois en Franco; voor: Christiaan en Van Zyl. FOTO'S: VERSKAF

By Derby in Noordwes boer mnr. Francois Smit en sy vrou, René, met Borane. Hulle is die derde geslag wat daar boer nadat René se oupa die plaas in 1954 gekoop het.

Hulle bestuur 'n gemengde boerdery van onder meer mielies, soja, suikerbone en dan die Borane. Francois se groot passie lê egter by die beeste. "My vrou se ouers het oorspronklik die plaas geërf. My skoonpa is in 2004 oorlede, maar ek het die voorreg gehad om sowat agt jaar saam met hom te boer voor sy afsterwe," sê Francois.

Borane kom oorspronklik van Afrika-lande, soos Kenia en Zambië, en daarom het Francois daardie lande al 'n aantal kere besoek. "Dit bied ons die geleentheid om die diere in ekstensiewe omstandighede te selekteer. Boere gebruik daar nie aanvullings soos wat ons in Suid-Afrika het nie. In sulke toestande floreer net een ras: Die Boran."

Hy meen boere in Suid-Afrika is al so gewoond aan die produksiestelsels van voerkrale dat hulle nie regtig iets anders sal oorweeg nie. Sy besoeke aan Kenia en Zambië het hom egter anders oor die saak laat dink.

"In moeilike produksietoestande met beperkte bronne is die Boran die een ras waarvoor daar blink geleenthede voorlê."

Die Boran maak van Francois se boerdery 'n sukses omdat dit hom toelaat om teen 'n lae koste vleis te produseer. "In 'n boerdery is ons nog altyd prysnemers. Al wat ons regtig kan beheer, is ons kostestruktuur. Die Boran bied vir ons die beste geleentheid om ekonomies teen 'n lae koste vleis te produseer."

Francois teel reeds 11 jaar lank met Borane, kommersieel en in 'n stoetery. Hy sê hy sal moeilik weer met 'n ander ras kan boer.

"Vergeleke met ander rasse handhaaf die Boran die maklikste sy kondisietelling, veral deur die winter. Enige kommersiële beesboer kan waarde toevoeg tot sy kudde as hy met 'n goed geselekteerde Boran kruisteel. Eienskappe, soos parasietweerstandigheid, is reeds by eerstegenerasiekruisings aanwesig."

Aanvanklik moes Francois en sy span besluit of hulle die omgewing by die bees gaan aanpas deur ekstra kos te gee in die vorm van 'n lek of byvoeding. Maar hulle het besluit om die bees eerder by die omgewing aan te pas.

Borane was die logiese keuse. In goeie produksieomstandighede floreer die bees en bou reserwes op vir die swaar maande. Winters kan dus heelwat makliker en goedkoper deurstaan word. Op die Hoëveld is dit belangrik om die kort somer met die maksimum getalle te benut sonder om in die winter hoef in te betaal. Die nie-selektiewe weipatroon van die Boran gekoppel met hulle sterk kudde-instink verhoog beslis die getalle wat aangehou kan word. Hy kan dus meer ekonomies boer.

Van die eienskappe van die Boran waarvan Francois baie hou, is die laer risiko wat die bees vir siektes het en besonderse parasietweerstandigheid. Dit verminder hantering wat op sy beurt weer arbeids-, medisyne- en veeartskostes spaar. Die koei het ook uitstekende moedereienskappe. Sy het ook die vermoë om 'n goeie persentasie van haar eie gewig te speen.

> 'In moeilike bestuursomstandighede is die Boran die een ras waarvoor daar blink geleenthede voorlê.'

In die kommersiële kudde gebruik hulle glad nie kunsmatige inseminasie nie, maar eerder bulparing sodat hulle troppe van 200 koeie kan bestuur. By die stoetbeeste gebruik hulle egter IVB-embriotegnologie om van hul topstoetkoeie se nageslag te verbeter en te vermeerder.

"Wanneer die graankomponent van die boerdery in die somer meer aandag van my verg, kan ek minder aandag aan die beeste gee omdat ek ekstensief met hulle boer.

"Die Boran-telersgenootskap se slagspreuk is *God's gift to Cattleman*. Ek meen as jy eers een keer met Borane geboer en die moeitelose deel van beesboerdery ervaar het, sal boerdery vir jou soveel lekkerder wees. Dit verg nie al jou aandag nie en gee vir jou 'n goeie opbrengs op jou belegging in tyd en geld. Dis moeiteloos en ekonomies." **LBW**

NAVRAE: Mnr. Francois Smit, Fonteine Boran, tel. **083 273 8332**; Die Boran-telersgenootskap, tel. **051 410 0966** of **051 410 0951**; webwerf: **www.boran.org.za**.